DIENS IN ONS GEMEENSKAP

KOÖRDINERING

Die gemeenskapsbediening vorm ‘n netwerk met al die gemeenskaps-organisasies op die dorp via die Stellenbosch Welsynsorganisasie Koördineringskomitee (SWOKK) en dupliseer nie werk wat reeds gedoen word nie. Daarby gaan ons gemeenskapsbediening ook vennootskappe aan met ander gemeentes en denominasies. Waar ‘n bepaalde behoefte bestaan waar nog geen werk gedoen word nie, sal Moedergemeente inisiatief neem.

Kontakpersoon: Henko Janse van Rensburg
Telefoon: 083 698 1966
E-pos: bond@moederkerk.co.za

VRYGEWIGHEIDSBEDIENING

‘n Bediening wat ‘n kanaal in stand hou waardeur mense artikels kan skenk wat dan deur die bediening gegee word waar dit nodig is. Die bediening het ‘n hele netwerk met die welsynsorganisasies en kerke op Stellenbosch en is sodanig in kontak dat hulle bewus is van spesifieke behoeftes.

Kontakpersoon: Amanda Visser
Telefoon: 021 886 4157 of 082 554 8589
E-pos: mhv@icon.co.za

GEMEENSKAPSBEDIENING: KAYAMANDI
HIERDIE BEDIENING HET TWEE FASETTE, NAAMLIK:

1. HUISBESOEKE

Hierdie bediening koördineer huisbesoeke in Kayamandi saam met 'n maatskaplike werker van Kindersorg aan mense wat by Kindersorg vir hulp aanmeld. Met 'n holistiese benadering word na die situasie gekyk, soms voorstelle gemaak, hulp aangebied en gewoonlik 'n kospakkie gegee. Wat die inhoud van die kospakkies betref is baie raad eers ingewin en dit word deur spesifieke gemeente bydraes befonds.

Kontakpersoon: Audrey van Wijk
Telefoon: 082 294 1813
E-pos: audreyvanwijk@gmail.com

2. MOEDERGEMEENTE BEURSFONDS

Die Moedergemeente Beursfonds raak betrokke by leerders van Kayamandi hoërskool. Leerders word identifiseer wat hulp met skoolfonds benodig en daaruit groei verhoudinge. Tans ondersteun die gemeente ook 8 studente uit Kayamandi by verskillende universiteite, wat volg uit ons vroeëre betrokkenheid by hulle sekondêre opvoeding.

Kontakpersone:	Jo-Marié Claassen	Annemarié Spies
Telefoon:	073 441 9370 021 883 2956	021 880 0777
E-pos:	jmc@adept.co.za	annemariespies@gmail.com

VOEDINGSAKSIE

Moedergemeente het ‘n besondere band met die Stellenbosch Voedingsaksie. Hierdie welsynsorganisasie voorsien al meer as 10 jaar voedsel op ‘n daaglikse basis op verskillende bedieningspunte in

die gemeenskap. Wyke en indiwidue in die gemeente is beide op operasionele en bestuursvlak by hierdie aksie betrokke, onder meer met groenteverwerking, vervoer en bediening.

Kontakpersoon: Liesel Koen
Telefoon: 071 322 0747
E-pos: voedingsaksie@telkomsa.net

VRUGTE-BEDIENING

Tonne vrugte wat vir die uitvoermark bestem was, maar bv. weens skaafplekkies nie die kwaliteitskontrole deurstaan nie, gaan jaarliks verlore. Die vrugtebediening wil seker maak dat hierdie vrugte nie verlore gaan nie, maar vitamine gee waar dit nodig is.

Kontakpersoon: Petru du Plessis
Telefoon: 021 889 8888 of 082 960 8055
E-pos: pdp@snowball.co.za

NAALDWERKPROJEK

Die Naaldwerkprojek is ‘n gesamentlike projek van Moedergemeente en Stellenbosch-gemeente. Dit fokus op die opleiding van vroue in Kayamandi. Hulp word benodig vir die aanbied van kursusse of ondersteuning op verskillende vlakke.

Kontakpersoon: Jo-Mariè Claassen
Telefoon: 021 883 2956
E-pos: jmc@adept.co.za

HABITAT FOR HUMANITY

A world where everyone has a decent place to live

Hierdie is 'n Christen-organisasie wat in samewerking met die gemeenskap daarna streef om sub-standaard behuising te elimineer. Habitat maak gebruik van vrywilligerarbeid van sowel binne as buite die gemeenskap om die huise te bou. Só word die boukoste laag gehou en dien Habitat as voertuig om mense van oraloor bymekaar te bring en 'n noemenswaardige verskil in 'n familie se lewens te maak.

Kontakpersoon: Barend Buys
Telefoon: 084 671 0129
E-pos: barend.buys@gmail.com

GEVANGENIS-BEDIENING

Die gevangenisbediening reik uit na die plaaslike gevangenis. Daar is amptelik goedgekeurde samewerking met die Departement Korrektiewe Dienste. Gemeenskapsteater, bybelstudiegroepe, bidure en eredienste is van die uitreikgeleenthede wat benut word.

Kontakpersoon: Lukas van Kradenburg
Telefoon: 082 940 4990
E-pos: elnavk@yahoo.com

ANNA FOUNDATION

ANNA FOUNDATION doen holistiese en opvoedkundige programme met kinders op plase in die Stellenbosch omgewing. Die programme bestaan sentraal uit die 3 R'e: "Reading, Running en Right-ing". Laasgenoemde behels lewensvaardigehede wat kinders nodig het vir die lewenspad.

Kontak: Anna Brom
Tel: 082 857 1538
E-pos: anna@annafoundation.com
Webwerf: www.annafoundation.com

NOAH-BEDIENING

Die gemeente is deurlopend betrokke by die Noah-dienssentrum vir seniors in Idasvallei. Daar word veral gefokus op handvaardigheids-projekte.

Kontakpersoon: Pinnie Vosloo
Selfoon: 084 571 6343

BOND

BOND is 'n ervaringsleer gebaseerde kursus wat gefokus is daarop om enige mens se verwysingsraamwerk pro Gemeenskaps-transformasie en -ontwikkeling te swaai. BOND begin as 'n kursus van 8 sessies, maar word daarna dan as 'n lewenswyse uitgeleef gebaseer op 'n paar lewensveranderende beginsels. In kort is BOND die opleiding van mense om Sosiale Gemeenskapsbates te skep vir mense in gemeenskappe om hulle identiteit te bou en doelwitgedrewe te begin leef en so die Koninkryk te bou.

Kontakpersoon: Henko Janse van Rensburg
Selfoon: 083 698 1966
E-pos: bond@moederkerk.co.za

JOY BRACELET

Die Vreugde armbandjie-projek is gebore uit dankbaarheid (lees die storie op hulle webwerf). Die armbandjie is ontwerp as 'n herinnering om die vrugte van die Gees uit te leef. Dit is 'n bediening wat werk skep sowel as wyd en syd bemoedig.

Kontakpersoon: Nelia Hoogenhout
Selfoon: 082 340 5954
E-pos: nelia.h@absamail.co.za
Webwerf: www.joybracelet.co.za

KOELENHOF TRUST

Die Koelenhof-trust is ‘n ondersteuningsliggaam wat volhoubare ontwikkeling in die Koelenhof area vanuit die VGK Koelenhof ondersteun.

Kontakpersoon: Leon de Witt
Selfoon: 082 552 2881
E-pos: leon@devonair.co.za

GETUIENISBEDIENINGE

MOSAMBIEK

Die Mosambiekbediening bestuur die gemeente se uitreik met die Evangelie in Mosambiek spesifiek in Chiconono. Die Yao-volk wat in daardie gebied woon, is Moslems en dit is daarom ‘n baie uitdagende bediening. Die eerste groep bekeerlinge is in September 2003 gedoop. Vanuit Chiconono het die Evangelie die afgelope jare ook versprei na onder andere Muembe en Mavago, waar daar reeds “buiteposte” is. Die visie van die Mosambiekbediening is die vestiging van ‘n onafhanklike kerk onder die Yao-volk.

Kontakpersoon: Marida van der Merwe
Telefoon: 021 887 2577 of 082 374 9909
E-pos: marida@hvm.cc

LESOTHO

Ds August Basson en sy gesin werk op Tebellong. Hulle getuig van wonderlike seën op hulle werk en veral dat die gemeente groei! Groot sukses word ook ervaar met hulle jeugbediening. Evangelis Joshua Letlala behartig hierdie jeugbediening en word, finansieel en met gebed ondersteun.

Kontakpersoon: Jan van Zyl
Telefoon: 082 871 3155
E-pos: jan@moederkerk.co.za

MALEISIË

Hierdie bediening is namens die gemeente betrokke by ds Hans Combrink en sy gesin wat in Maleisië werk. Hy werk onder beskerming van Wycliff Bybelvertalers en is besig om, saam met die plaaslike kerk, die Bybel te vertaal in ‘n taal wat deur baie mense gepraat word, maar waarin daar nog geen Bybelvertaling is nie. Wat die werk so uitdagend maak is dat daar selfs nog nie ‘n alfabet vir die betrokke taal is nie en dat die op skrif stel van hierdie alfabet die eerste fase van die Bybelvertaling is.

Kontakpersoon: Mias vd Westhuizen Jnr
Telefoon: 082 920 5841
E-pos: effective@proloanl.co.za

FREE TO SERVE

Johann en Elna Snyman is lidmate van die gemeente betrokke by die Free to Serve sendingorganisasie wat na Indië en ook plaaslik in die RSA uitreik.

Kontakpersoon: Johann Snyman
Telefoon: 021 887 2657 of 082 575 7101
E-pos: johanns@freetoserve.co.za

TOERISTEBEDIENING

Hierdie bediening neem diensbeurte waar in die kerkgebou veral in die toeriste-seisoen met die oog op die begeleiding van besoekers om aan hulle inligting oor die historiese erfenis te gee, spontane berading waar nodig en die beskikbaarstelling van toepaslike historiese en geestelike literatuur

Kontakpersoon: Hannes Theron
Telefoon: 021 887 8963

BYBELBEDIENING

Die Bybelbediening stel Afrikaanse, Engelse en Xhosa bybels beskikbaar sodat lidmate en bedieninge dit kan versprei na mense wat nie Bybels het nie.

Kontakpersoon: Willem van der Westhuizen
Telefoon: 083 286 9450
E-pos: wildwest@mweb.co.za

INTERNASIONALE STUDENTE BEDIENING

Op die Stellenbosch kampus is 2 500 internasionale studente van 80 lande. Hulle is hoofsaaklik nagraadse studente tussen 30 en 40 jaar oud. Baie kom uit geslote lande vir die evangelie en is toekomstige leiers. Jurie en Magdaleen Goosen reik na hulle uit. Hulp word benodig met die volgende aktiwiteite:

(i) Die ondersteuningsgroep vir vroue van internasionale studente (dames kan help met vervoer, verskaf van eetgoed en help met aanbied van “crafts”)
(ii) Bybelstudie vir studente (help met vervoer en eetgoed)
(iii) Naweek- en vakansie-uitstappies en kampe
(iv) Neem 'n student aan en stap 'n pad met hulle
(v) Hulp word ook benodig met aanleer van Engels
(vi) Voorbidding
(vii) Geldelike bydraes tot die bediening.

Kontakpersoon: Marilie van der Walt
Telefoon: 073 133 2659
E-pos: marilie@language-inc.org
Webwerf: www.sun.ac.za/bridge

JEUGBEDIENING

BABAKERK

Babas word tydens die oggend-eredienste in ‘n goed-toegeruste ruimte agter die kerk opgepas sodat ouers met gemoedsrus kan kerk toe gaan. Hierdie bediening se droom is om kinders van geboorte af al tuis te laat voel in Moedergemeente as ‘n liefdevolle geloofsgemeenskap.

Kontakpersoon: Ilana Kilian
Telefoon: 082 452 8527
E-pos: ilanak@vodamail.co.za

KLEUTERKERK

Gedurende die skoolkwartale word daar elke Sondagoggend gedurende die erediens ‘n Kleuterkerk gehou vir voorskoolse kinders van ouderdom 2 jaar af. Ma’s help met die toesig en aktiwiteite om ook op so ‘n wyse vir die kinders vroeg al wonderlike ervarings met Jesus te gee. 2 - 3 jariges en 4 - 5 jariges kom in twee afsonderlike groepies bymekaar.

Kontakpersoon: Thea Theron
Telefoon: 021 887 8484
E-pos: et3@sun.ac.za

JUNIOR KATEGESE

Grade 1 tot 3 kom in die Hofmeyrsaal bymekaar tydens die erediens. Die Juniorkerk begin reeds 9:30. Ouers kry die kinders weer na die erediens.

Kontakpersoon: Karlien Grobbelaar
Telefoon: 084 250 2473
E-pos: karlien@moederkerk.co.za

SENIOR KATEGESE

Grade 4 tot 6 kom in die Hofmeyrsaal bymekaar tydens die erediens - die Seniorkerk begin reeds 9:30. Ouers kry die kinders weer na die erediens.
Die kategesegroepe vir grade 7 tot 10 kom tydens die oggenddienste in die Hofmeyrsaal bymekaar.

Kontakpersoon: Karlien Grobbelaar
Telefoon: 084 250 2473
E-pos: karlien@moederkerk.co.za

BELYDENISGROEP

Die graad 11 belydenisgroep word deur Johan van der Merwe en Richard van Wyk gelei in 'n soort "Bybelskool"-formaat. Die groep word in kleiner groepies verdeel met jong volwasse "mentors" wat 'n pad met 5-7 van die jongmense stap. Die groep kom Woensdae 18:00 in die Hofmeyrsaal bymekaar.

Kontakpersoon: Johan van der Merwe
Telefoon: 021 883 3458
E-pos: johan@moederkerk.co.za

TIENERBEDIENING

Ons gemeente het ‘n gesamentlike tienerbediening met Welgelegen-gemeente. Sondae-aande is Tienerkerk by Welgelegen. Die tienerbediening ontwikkel ook toerustingsgeleenthede vir die tieners, ‘n avontuurbediening en hou tienerkampe op ‘n gereelde basis. Daar is Donderdae-aande 'n Koffiekroeg in die Hofmeyrsaal.

Kontakpersoon: Niel Steyn
Telefoon: 084 688 1080
E-pos: niel@moederkerk.co.za

PAUL ROOS EN BLOEMHOF KOSHUISSELGROEPE

Studente en werkende jongmense lei selgroepe in Paul Roos en Bloemhof se koshuise.

Kontakpersoon: Niel Steyn
Telefoon: 0846881080
E-pos: niel@moederkerk.co.za

KOMMUNIKASIEBEDIENINGE

KLANKBEDIENING

Die **Moederkerk** klankbediening is verantwoordelik vir die instandhouding en bedryf van die klankstelsel in die Moederkerk gebou (wat ook die twee tehuise vir bejaardes, Utopia en Azaleahof, insluit) asook die opneem, redigering en verspreiding van die eredienste op CD. Verder word daar voorsiening gemaak vir die opneem van spesiale geleenthede soos troues, begrafnisse en orreluitvoerings.

Kontakpersoon: Jan-Albert Koekemoer
Telefoon: 083 461 6643
E-pos: jak@sunspace.co.za

Die **Kruiskerk** klankbediening is verantwoordelik vir die instandhouding en bedryf van die klankstelsel in die Kruiskerk-gebou asook ander die ander klankstelsels in die studentebediening, byvoorbeeld die Hofmeyrsaal en Kerugma (‘n musiekgroep).

Kontakpersoon: Emile Thesnaar
Telefoon: 082 941 9996
E-pos: emile@moederkerk.co.za

WEBSITE-BEDIENING

Die gemeente se webwerf is ‘n aktiewe kommunikasiekanaal in die gemeente en na buite. Die visie van die bediening, in lyn met die gemeente-visie, is om vir God ‘n elektroniese stroom van Lewende Water te wees! Daar is by hierdie bediening voortdurend behoefte aan mense wat administratief en tegnies kan hulp verleen om hierdie kragtige medium in stand te hou en te ontwikkel.

Kontakpersoon: Pippa Louw
Telefoon: 083 278 7083
E-pos: phlouw@sun.ac.za

SMS-BEDIENING

Die gemeente kommunikeer ook per SMS met lidmate. Hierdie bediening behartig die logistieke ondersteuning van hierdie kommunikasie-medium.

Kontakpersoon: Maritha Kotzè
Telefoon: 021 883 3458
E-pos: kantoor@moederkerk.co.za

ELEKTRONIESE NUUSBRIEF

Die e-nuus kom maandeliks uit met vars bedieningsgetuienisse en -inligting.

Kontakpersoon: Maritha Kotzè
Telefoon: 021 883 3458
E-pos: kantoor@moederkerk.co.za

GRAFIESE BEDIENING

Hierdie bediening bestaan uit mense wat vaardig is met grafiese ontwerp of bladuitleg en kan help om al die kommunikasiestukke in die gemeente te ontwerp.

Kontakpersoon: Nikki Meyer
Telefoon: 074 293 3583
E-pos: nikki@moederkerk.co.za

GEMEENTEBLAD

Die gemeenteblad verskyn op ‘n kwartaallikse basis. Die blad wil ‘n oorsig gee oor wat die Here in en deur Moedergemeente doen. Die behoefte is hier deurlopend aan mense wat kan help met die insameling van inligting en die uitleg op die rekenaar.

Kontakpersoon: Jo-Marié Claassen
Telefoon: 073 441 9370
E-pos: jmc@adept.co.za

KANTOORSTELSELS

Om die bediening van en in die gemeente in ‘n moderne tegnologiese samelewing en wêreld effektief te laat verloop, is dit noodsaaklik dat veral elektroniese stelsels deurlopend verbeter word en optimaal funksioneer. Lidmate wat by hierdie bediening betrokke is wend die gawes en kundigheid wat die Here hulle veral ten opsigte van die tegnologie gegee het aan om die gemeente hiermee by te staan. So lewer hulle ‘n wesenlike bydrae dat die Rivier van Lewende Water ook altyd elektronies kan bly vloei.

Kontakpersoon: Jan Louw
Telefoon: 083 289 4899
E-pos: jlo@sun.ac.za

DVD-TOERUSTING EN BIBLIOTEEK

Die gemeente beskik oor moderne en mobiele DVD-toerusting wat deur ander bedieninge uitgeleen kan word vir diverse gebruike, bv. die wys van geestelike films op plase. Goeie geestelike leesstof is ook op uitleenbasis beskikbaar.

Kontakpersoon: Elaine Hamman
Telefoon: 021 883 3458
E-pos: elaine@moederkerk.co.za

INTERNASIONALE BEDIENING — MOEDERGEMEENTE WÊRELDWYD

Ten opsigte van mense wat tydelik in die buiteland is, wil ons graag 'n virtuele geloofsgemeenskap wees, terwyl jy dit nie daar het nie. Vir mense wat meer permanent in die buiteland vestig wil ons ondersteuning bied en help met die vind van 'n plaaslike geloofsgemeenskap waar jy jou roeping kan uitleef. Die webwerf, e-pos, Skype en al wat ‘n tegnologiese vooruitgang is, word hiervoor aangewend.

Kontakpersoon: Kerkkantoor
Telefoon: 021 883 3458
E-pos: kantoor@moederkerk.co.za

EREDIENSBEDIENINGE

EREDIENSWERKGROEPE

Die Erediensswerkgroepe kom elke Maandagmiddag vir een uur bymekaar. Die Sondag wat verby is se erediens word opbouend bespreek saam met die predikant wat dit gelei het. Daarna word saamgedink oor die volgende Sondag se fokusteks en in ‘n sin “saam preekgemaak”. Daar word verder nagedink oor al die verskillende aspekte van die liturgie en hoedat dit deurlopend verbeter kan word. Die Erediensswerkgroepe is nie vaste of geslote groepe nie, maar altyd oop vir enige lidmaat wat wil kom saamdink, saamgesels en saambid oor die gemeente se eredienste.

Kontakpersoon: Kerkkantoor
Telefoon: 021 883 3458
E-pos: kantoor@moederkerk.co.za

EREDIENSVERTEENWOORDIGERS

As deel van die gemeente se bedieningstruktuur, is die werk wat diakens tradisioneel in die erediens gedoen het losgemaak van wat hulle altyd in wyke gedoen het. Die Erediensverteenwoordigers se uitsluitlike verantwoordelikheid is om getrou vir die eredienste voorbidding te doen en om op rotasiebasis die dienswerk in die eredienste self te verrig: opneem van kollekte, verwelkoming by die deure, bediening van die nagmaal, ens.

Kontakpersoon: Nico Gey van Pittius
Telefoon: 082 435 4478
E-pos: ngvp@sun.ac.za

LITURGIESE INKLEDING

Ons gemeente maak heelwat van simboliek in die eredienste, in ooreenstemming met die seisoen van die kerkjaar. Die behoefte is aan mense wat met hulle estetiese aanvoeling kan meehelp aan die inkleding van die liturgiese ruimte in die erediens.

Kontakpersoon: Elsje Beyers
Telefoon: 082 336 6551
E-pos: beyerse@sun.ac.za

INFORMELE MUSIEKBEDIENING

Hierdie bediening is daarvoor verantwoordelik om die gemeente met hoë kwaliteit kontemporêre bedieningsmusiek te bedien.

Kontakpersoon: Wilken Calitz
Telefoon: 083 267 9225
E-pos: wilken@moederkerk.co.za

VERSORGINGSBEDIENINGE

GEBEDSBEDIENING

'n Gemeente kan net werklik kerk van Christus wees as die fondament gebed is. Die visie van hierdie bediening is dan ook: Gebed – die lewe van elke aksie in Moedergemeente. Daar word gepoog om `n netwerk daar te stel wat elke wyk, bediening, vergadering, behoefte en aksie van die gemeente oorkoepel met gebed.

Kontakpersoon: Hannes Koornhof
Telefoon: 021 8833458
E-pos: gebed@moederkerk.co.za

JONG WERKENDES

Werkende jongmense maak 'n groot deel uit van Moedergemeente. Die kern van hierdie bediening is die kleingroepe waarin werkende jongmense weekliks mekaar versorg, toerus en aanspoor tot diens in die Here se Koninkryk.

Kontakpersoon: Kotzé Olivier
Telefoon: 076 911 1930
E-pos: kotze@moederkerk.co.za

KLEINGROEPE

Ons wil 'n gemeente van kleingroepe wees. Daar skaaf ons mekaar tot meer getroue volgelinge en beelddraers van Christus. Daar ondersteun ons, bid ons vir mekaar en raak ons diensbaar in God se wêreld.

Kontakpersoon: Marié Britz
Telefoon: 084 515 1629
E-pos: marie@moederkerk.co.za

ONDERSTEUNINGSGROEP VIR DEPRESSIE EN ANGS

Hierdie ondersteuningsgroep is vir mense wat al moes worstel met depressie of angs. Die groep kom gereeld bymekaar en bespreek lewensvaardighede wat kan help om 'n vreugdevolle lewe te lei.

Kontakpersoon: André Kilian
Telefoon: 082 320 1784
E-pos: andre@moederkerk.co.za

GAY GESPREKSGROEP

Mense worstel dikwels met hul seksuele oriëntasie in isolasie en eensaamheid en voel dikwels op die rand van die kerk. Hierdie is 'n gespreksgroep waar mense kan groei tot meer begrip - in 'n veilige ruimte, saam vrae vra en kan luister na mekaar se verhale.

Kontakpersoon: André Kilian
Telefoon: 082 320 1784
E-pos: andre@moederkerk.co.za

HOSPITAALBEDIENING

Hierdie bediening bemoedig siek mense. Almal wat belangstel om hierdie bediening te beoefen, word opgelei. Die groep kom ook gereeld byeen om mekaar te ondersteun en idees oor die effektiwiteit van die bediening te bespreek.

Kontakpersoon: Merinda Lambrechts
Telefoon: 021 883 3843 of 083 666 6004
E-pos: merinda@wam.co.za

of

Henning Gericke
084 209 5930
hgericke@prg.wcape.school.za

SENIOR BEDIENING

Hierdie bediening is nie net daarop ingestel om die groot getal seniors in die gemeente te ondersteun en geestelik te versorg nie. Dit gaan ook daarvan uit dat juis seniors baie het wat hulle kan bied. Die Senior Bediening strewe daarna om dit al beter te ontsluit en sodoende vir senior lidmate die geleentheid te gee om die gemeente en die gemeenskap te dien met die gawes wat die Here vir hulle gegee het.

Kontakpersoon: Wynand Nel
Telefoon: 082 901 5877
E-pos: wynand@moederkerk.co.za

PROFESSIONELE BEDIENING

Lidmate met professionele kwalifikasies bied 'n aantal ure gratis aan as 'n bediening aan ander in nood. Dit geskied op 'n konfidensiële stelsel van verwysings deur die predikante.

Kontakpersoon: Kerkkantoor
Telefoon: 021 883 3458
E-pos: kantoor@moederkerk.co.za

NUWE LIDMATE ("GROETGROEP")

Hierdie groep verwelkom nuwe lidmate in die gemeente en help met inskakeling in die gemeente en tuiskoms op Stellenbosch.

Kontakpersoon: Kerkkantoor
Telefoon: 021 883 3458
E-pos: kantoor@moederkerk.co.za

WELKOM-BEDIENING

Hierdie bediening verwelkom mense in samewerking met die eredienswerkers Sondae-oggende en –aande by die eredienste.

Kontakpersoon: Kerkkantoor
Telefoon: 021 883 3458
E-pos: kantoor@moederkerk.co.za

BESIGHEIDSGROEP.STB

What if God is CEO?

Al ooit gewonder waarom God jou geroep het tot 'n beroep? Weet jy waarheen God op pad is met jou passie en loopbaan? Soek jy God se hartklop vir jou 8-5 werksdag? Daar is nog van ons! Die Besigheidsgroep van Stellenbosch is 'n inisiatief waar jong werkendes, studente en ervare sakemanne saam gesels, bid en droom oor ons roeping. Ons leef in uitdagende tye en Christenskap is 'n integrale deel van hierdie leefstyl. Die Besigheidsgroep word aangebied in die vorm van 'n gefasiliteerde gespreksforum, waar werkende manne en vroue kan saamdink oor hoe Christenskap deel vorm en uitgeleef kan word binne die werkskonteks.

Kontakpersoon: Wiehann van Zyl
Telefoon: 071 683 1118
E-pos: besigheidsgroep.stb@gmail.com

HUWELIKS- EN FAMILIEBEDIENINGE

HUWELIKSVOORBEREIDING

Huweliksvoorbereidingskursusse word aangebied waar voornemende paartjies geleentheid gebied word om met ander in dieselfde posisie vriendskappe te vorm, verwagtinge met mekaar te deel en vaardighede aan te leer vir suksesvolle huwelike. Die kursus strek oor 7 weke en word op 'n Donderdagaand van 19:00 tot 21:00 aangebied, gewoonlik gedurende Augustus/September. Die onderwerpe wat gedek word sluit in "Leaving and cleaving", rolle in die huwelik, finansies, persoonlikhede (insluitend afneem van Myers-Briggs toetse op deelnemers en bespreking daarvan), kommunikasie en konflik, seksualiteit en geestelike intimiteit.

Kontakpersoon: Tertius de Wet
Telefoon: 021 808 3242 (w) of 083 625 0505
E-pos: tdewet@sun.ac.za

JONG GETROUDES

Jong getroudes gaan op huweliksverrykings-naweke en vorm omgeegroepe waarin hulle mekaar versorg. Geleenthede word geskep waar jong getroudes mekaar kan leer ken, ervarings omtrent die huwelik met mekaar kan deel en saam kan groei in hul huwelike. Die vorm van kleingroepe waarin jong getroudes mekaar kan versorg, toerus en aanspoor geniet hoë prioriteit.

Kontakpersoon: Huba Boshoff
Telefoon: 084 245 1514
E-pos: huba@sun.ac.za

FAMILIEBEDIENING

Hierdie bediening koördineer inisiatiewe in die gemeente wat gesinne toerus en ondersteun en van Moedergemeente 'n familie-vriendelike gemeente maak. Hierdie inisiatiewe sluit in toerustingsgeleenthede soos die Positiewe Ouerskap en Familiegewoontes kursusse en die ontwikkeling van familie-omgeegroepe.

Kontakpersoon: Jan van Zyl
Telefoon: 021 887 5020
E-pos: jan@moederkerk.co.za

ADMINISTRATIEWE BEDIENINGE

BESTUURSBEDIENING

Die bestuursbediening hanteer dag tot dag besluitneming in die gemeente en ondersoek biddend of die gemeente die visie om 'n Rivier van Lewende Water te wees uitleef.

Kontakpersoon: Hannes Koornhof
Telefoon: 082 940 3319
E-pos: hannes@moederkerk.co.za

VISIONERINGSBEDIENING

Die bestuursbediening word bygestaan deur die Visioneringsbediening, wat voortdurend nadink oor die essensie van ons kerk-van-Christus-vir-die-wêreld-wees.

Kontakpersoon: Willie Conradie
Telefoon: 082 784 1234
E-pos: wjc@sun.ac.za

FINANSIES

Die bediening vir finansies is verantwoordelik vir die opstel van begrotings, monitering van werklike uitgawes en die finalisering van finansiële jaarstate. In die geval van kapitaalprojekte sien die bediening toe dat daar voldoende finansiering beskikbaar is.

Kontakpersoon: Niel Krige
Telefoon: 082 800 9048
E-pos: jdkrige@sun.ac.za

DIENSVERHOUDINGE

Die bediening vir diensverhoudinge behartig die “menslike hulpbronbestuur” van die gemeente. Die behoeftes en leemtes ten opsigte van die voltydse personeel van die gemeente word deurlopend evalueer en wanneer daar vakatures is, behartig hierdie bediening die vul daarvan namens die Kerkraad en in ooreenstemming met die visie van die gemeente. Hierdie bediening strewe daarna om die personeel van die gemeente so te ondersteun dat hulle die gawes en geleentheid wat die Here vir hulle gegee het, op die beste manier kan benut.

Kontakpersoon: Johann Meyer
Telefoon: 021 886 4690
E-pos: meyer.johann@gmail.com

INSTANDHOUDING

Hierdie bediening is daarvoor verantwoordelik dat die gemeente se eiendomme in stand gehou word. Geboue en eiendomme in ‘n gemeente het meer as estetiese of funksionele waarde. Dit is ruimtes wat die Here se Gees gebruik om die gemeente op te bou en toe te rus vir almal se roeping en bediening. Lidmate met praktiese gawes en met professionele kundigheid wend deur hierdie Bediening aan om te sorg dat die gemeente se eiendomme en lokale altyd effektief daarvoor gebruik kan word.

Kontakpersoon: Pang Basson
Telefoon: 082 352 5574
E-pos: pang@moederkerk.co.za

CRUX AKSIES

KAMPE

Die kampe-bediening neem verantwoordelikheid vir die organisering van die jaarlikse eerstejaarskampe en is ook gedurende die jaar beskikbaar om van hulp te wees met die reël van kampe.

Kontakpersoon:	Hanneke Janse van Vuuren
Telefoon:	083 679 3405
E-pos:	14542625@sun.ac.za

ATLETE VIR CHRISTUS

Atlete vir Christus is ‘n uitreik-aksie wat deur die jaar byeenkom en gedurende die Junie/Julie-vakansie deur Suid-Afrika toer. Die aksie bestaan uit ‘n groep atlete, ‘n sanggroep en drie persoonlike werkers. Atlete het ‘n tweeledige doel: eerstens hardloop, sing en gesels hulle Christus; en tweedens samel hulle fondse in vir Bybelmedia vir ‘n spesifieke Bybelstudiegids vir mense in gevangenis. Gedurende die toer word daar gewoonlik ook ‘n aantal tronke besoek en tree die groep op in die gemeentes waar die span oornag.

Kontakpersoon:	Andries vd Vyver	Danette Smith
Telefoon:	072 187 6757	072 581 3208
E-pos:	14803836@sun.ac.za	15078264@sun.ac.za

TRAP DER JEUG

Trap der Jeug bring elke jaar ‘n drama en dans produksie op die planke waarmee hulle jongmense in gemeentes in die Wes-Kaap bedien. Hulle het hiermee saam ‘n jaarlikse fondsinsameling vir drie

kinderhuise in die Wes-Kaap naamlik Wellington (Andrew Murray), Robertson (Herberg) en Durbanville. Die span vergader elke Sondagaand om saam Bybelstudie te hou. Hulle toer na die November-eksamens met fietse na die kinderhuise en die skoolverlaterskampe en bedien die kinders en jongmense met hulle produksie en getuienisse.

Kontakpersone:	August Carstens	Rianza Langeveldt
Telefoon:	082 552 8630	072 480 5880
E-pos:	14572648@sun.ac.za	15125211@sun.ac.za

OXLOS

Oxlos is ‘n uitreikaksie wat hoofsaaklik deur dans en verwante produksies die Koninkryk van God wil uitbrei. Oxlos-oudisies vind aan die begin van elke jaar plaas en betrokkenheid by die span vereis ‘n jaar se “commitment”. Die groep tree gedurende die jaar by gemeentes in die Wes-Kaap op en toer in die Desember-vakansie met hulle produksie na die strandoorde in die Suid-Kaap.

Kontakpersoon:	Liezl Ada
Telefoon:	082 824 1091 of 082 824 1091
E-pos:	oxlosdans@gmail.com

CANTICUM NOVUM

Canticum Novum is die Kerkkoor van Moedergemeente. Canticum Novum tree gereeld by die eredienste op en ons moedig jonger lidmate aan om hierby in te skakel. Daar is ook elke jaar 'n geleentheidskoor waar ouer lidmate ook deel word van Canticum.

Kontakpersoon: Anli le Roux
Telefoon: 082 780 0333
E-pos: 14290804@sun.ac.za

MOSAMBIEK-AKSIE

Die Mosambiek-evangelisasie en bou-aksie reik elke Junie/Julie-vakansie uit na Mosambiek. Die hooffokus van die span is om die sendelinge daar te gaan ondersteun en bemoedig. Evangelisasiewerk word in noue samewerking met die plaaslike kerk gedoen terwyl die bouspan help met herstel- en opknappingswerk aan geboue.

Kontakpersoon:	Johann Maartins	Marleen Lourens
Telefoon:	083 611 6304	072 855 8111
E-pos:	15076202@sun.ac.za	15101835@sun.ac.za

TRANSKEI WERKERS-AKSIE

Hierdie is een van die oudste aksies van die studente wat gedurende die Junie/Julie-vakansie uitreik na die voormalige Transkei (nou Oos-Kaap). 'n Winterskool word aangebied vir matriekleerders in Cala terwyl ander spanne bou- en herstelwerk by sendingstasies gaan doen.

Kontakpersoon:	Moolman van Aarde	Marianca Louw
Telefoon:	076 682 8748	082 871 5659
E-pos:	14894270@sun.ac.za	15088936@sun.ac.za

STRAATLIG

Straatlig reik uit na die mense wat op Stellenbosch se strate, asook by die Nagskuilings, woon. Die visie van die groep is om God se lig en liefde uit te dra en om hoop te bring aan mense wat stukkend is, minderwaardig voel, verslaaf is en sonder hoop leef.

Aktiwiteite sluit in: bybelstudiebyeenkomste, uitreik op straat met koffie en broodjies, werkskeppingsprojekte, aktiwiteite met kinders (veral kinders wie se ouers haweloos is/was), ensovoorts.

Verhoudings word gebou en hulp word verskaf n.a.v. die behoeftes wat identifiseer word.

Kontakpersoon: Johan Viljoen (Koördineerder)
Telefoon: 084 547 1143
E-pos: straatlig@moederkerk.co.za

Kontakpersoon: Danita Snyders (Werkskeppingsprojekte)
Telefoon: 082 711 4189
E-pos: danita@moederkerk.co.za

FUNDA FUNDISA

Funda Fundisa, "teach and learn", is 'n projek waar studente leerders van Kayamandi Hoërskool met ekstra klasse in Wiskunde, Engels en Biologie help. Dit is egter meer as net onderrig-verhoudinge tussen die studente en skoliere. So word kulturele mure tussen Kayamandi en Stellenbosch afgebreek.

Kontakpersoon: Jeanine Janse van Rensburg
Telefoon: 082 449 1643
E-pos: fundafundisa@live.co.za

F.L.O.G. (For The Love Of God)

F.L.O.G. help een behoeftige skooltjie per jaar, waar hulle help om soveel moontlike fisiese werk te doen, aandag en liefde te gee en 'n groot Kerspartytjie aan die einde van die jaar te hou. Vanjaar is die betrokkenheid by die Dorothea skool vir gestremde kinders.

Kontakpersoon: Lizanne Basson
Telefoon: 076 782 8681
E-pos: 15434834@sun.ac.za

KERUGMA

Kerugma is ‘n tweede musiekgroep (naas die musiekgroep wat die lofprysing tydens die Kruiskerk aanddienste lei) wat by buite-geleenthede (soos huiskerke, kampe en feeste) optree en lofprysing lei.

Kontakpersoon: Erich du Toit
Telefoon: 074 158 2837
E-pos: 15068404@sun.ac.za

CRUX STUDENTEBEDIENING

CRUX-STUDENTEVERENIGING: VOORSITTER

Hierdie bediening dien as kontak tussen verskillende studentebedieninge, en fasiliteer samewerking met ander bedienings binne die gemeente, asook die vestiging van nuwe studentebedieninge.

Kontakpersoon: Yolanri Jordaan
Telefoon: 082 908 7293
E-pos: 14846241@sun.ac.za

EREDIENSKOöRDINEERDER

Studente dra tot 'n groot mate by tot die inhoud van eredienste, veral by die Kruiskerk sentrum. Hierdie bediening bied 'n forum waardeur studente kan bydra tot die erediens, en werk nou saam met die erediensbediening.

Kontakpersoon:	Nico Lochner	Charlene Geusens
Telefoon:	072 460 0552	083 659 9063
E-pos:	14873672@sun.ac.za	15389782@sun.ac.za

AKSIES

Verskeie van die gemeente se getuienisbedieninge is hoofsaaklik studentgedrewe. Die Aksies-koördineerder ondersteun hierdie bedieninge, en dien as skakel met die breë studentebediening.

Kontakpersoon:	Johann Maartens	Marietjie Hanekom
Telefoon:	083 611 6304	083 461 1220
E-pos:	15076202@sun.ac.za	15082733@sun.ac.za

STUDENTE-VERTEENWOORDIGERS

Die gemeente handhaaf 'n aktiewe teenwoordigheid in die koshuise en privaatwyke van Stellenbosch. Hierdie bediening dien as kontak met hierdie verteenwoordigers.

Kontakpersoon:	Chris van Rooyen
Telefoon:	082 560 8292
E-pos:	15508234@sun.ac.za

INTERKERKLIKE VERHOUDINGS

Studentebediening streef om betrokke te wees op Stellenbosch se verskeie kampusse, asook om 'n volkome nie-rassige studentebediening te vestig deur o.a. sterk bande te handhaaf met die VGK gemeentes op die dorp. Die interkerklike bediening vat hande met ander Christelike denominasies op Stellenbosch, om as een liggaam van Christus gesamentlike aktiwiteite aan te bied, asook om nouer samewerking te bewerkstellig.

Kontakpersoon:	Julian Coetzee	Mari Hugo
Telefoon:	079 027 5363	083 566 3831
E-pos:	14864363@sun.ac.za	14608138@sun.ac.za

GASVRYHEID

Die sosiale bediening sorg vir verversings na afloop van eredienste by die Kruiskerk sentrum, en betrek ook studente in die gemeente deur allerlei items op die sosiale kalender, o.a. die jaarlikse bal.

Kontakpersoon:	Friena Muller
Telefoon:	082 926 6234
E-pos:	friena@moederkerk.co.za

KOMMUNIKASIE & BEMARKING

Hierdie kreatiewe en energieke bediening maak seker studentebediening is sigbaar is binne en buite die gemeente deur studente ingelig te hou oor die bediening se aktiwiteite.

Kontakpersoon:	Neil van Tonder
Telefoon:	072 298 1387
E-pos:	neil.van.tonder@gmail.com

KLEINGROEPE

Die versorging van studente binne kleingroepe word gefasiliteer deur hierdie bediening, in noue samewerking met die gemeente se breë kleingroepe bediening.

Kontakpersoon:	Devon Baartman
Telefoon:	076 818 0673
E-pos:	14914158@sun.ac.za

DIVERSE BEDIENINGE

MOTORFIETSBEDIENING

'n Bediening deur motorfiets-entoesiaste!

Kontakpersoon: Johan du Preez
Telefoon: 083 445 0650
E-pos: jdupreez@tiscali.co.za

KOFFIEKAMER

Op Vrydae-oggende word 'n gedeelte van die Kerkhuis omskep in 'n heerlike gesellige koffiekamer. Dit is 'n plek waar mense kan tuiskom, ontspan en hulle lewens met mekaar kan deel. Daar is altyd behoefte aan mense wat kan help bak en bedien.

Kontakpersoon: Houkje Gouws
Telefoon: 083 280 2211
E-pos: agouws@netactive.co.za

EKOLOGIE-BEDIENING

Christene moet groen wees! Ons bely immers dat ons glo in die Skepper van die hemel en die aarde. Hierdie bediening reël gesprekke oor ekologiese sake en bevorder die algemene bewuswording in die gemeente en gemeenskap van omgewingsbewaring.

Kontakpersoon: Gerda Smook
Telefoon: 084 507 3737
E-pos: gerda@winelandsfs.co.za

HISTORIESE BEDIENING

Hierdie groep beywer hulle vir :
(a) Navorsing oor ons kulturele en geestelike erfenis
(b) Ordening van inligting en voorwerpe in `n gemeentelike argief
(c) Uitstallings wat die storie van die gemeente visueel vertel.

As 'n bediening glo ons dat ons gemeente se verlede steeds vir ons huidige en veral die toekomstige geslagte 'n aansporing tot dienslewering en hoër doelwitte kan wees.

Kontakpersoon: Johan Krige
Telefoon: 021 883 8445
E-pos: info@caledonvilla.co.za

NUTSMAN-BEDIENING

Die nutsman-bediening is 'n bediening wat praktiese hulp verleen om 'n verskil in indiwidue se lewens te maak, wat andersins nie die middele sou hê om hulle lewenskwaliteit op hierdie wyse te verbeter nie. Die bediening ondersteun ook ander bedieninge met infrastruktuur. Die bediening beleef in ooreenstemming met Eks 35:30-35 dat die Here se Gees ook gawes in hierdie verband gee waarmee sy Koninkryk gedien kan word.

Kontakpersoon: Albert Basson
Telefoon: 082 782 0338
E-pos: bassona@blaauwklippen.com

NETWERKBEDIENING

Hierdie bediening ontwikkel ‘n gawegerigte bedieningskultuur in die gemeente. Die visie van die Netwerkbediening is om elke lidmaat te begelei om sy/haar unieke roeping uit te leef in en deur die gemeente as liggaam van Christus, sodat die Lewende Water sal vloei van die Bron na die nood.

KURSUSAANBIEDING

Die Ontdek Jou Plek kursus word op ‘n gereelde basis in die gemeente aangebied. Dit is die “Ontdekkingsfase” van die Netwerk proses waartydens lidmate hulle eie “Dienaarsprofiel” ontdek in terme van hulle persoonlike passies, gawes en styl. Lidmate met die gawe van onderrig kan help om hierdie kursusse aan te bied. Die behoefte is egter ook aan fasiliteerders wat in die kleingroepe tydens die kursus bietjie leiding kan gee.

Kontakpersoon: Ludolph Botha
Telefoon: 021 883 8313 of 083 633 3481
E-pos: hlb@sun.ac.za

BEGELEIDING

Lidmate het dikwels die behoefte om betrokke te raak, maar is dan nie altyd bewus van die verskillende bedieninge in die gemeente waarby hulle betrokke kan raak nie. Begeleiers in die gemeente het ‘n oorsig oor al die bedieninge en help lidmate om ‘n bediening te vind waar hulle hulle roeping kan uitleef.

FASILITERING

As bedieninge nie duidelikheid het oor hulle visie en strategie nie, is hulle ook nie in staat om nuwe vrywilligers sinvol in te skakel nie. Daarom help die Netwerk-bediening ander bedieninge om duidelikheid te kry oor hulle visie, strategie en spanfunksionering. ‘n Span netwerkers is aan dié bediening toegewys.

Kontakpersoon: Herman van der Merwe
Telefoon: 082 577 7038
E-pos: herman@hvm.cc